Suidwes Landbou
Leeudoringstad, Noordwes

Mediavrystelling • Media Release

(018) 581 1000
www.suidwes.co.za

22 Maart 2017

VIR ONMIDDELIKE VRYSTELLING

(317 woorde)

Suidwes Landbou open nuwe Kontreiwinkel in Delmas, Mpumalanga

Tydens ‘n spoggelentheid het Suidwes Landbou die 20ste Kontreiwinkel op 14 Maart 2017 in Delmas, Mpumalanga, geopen. Die geleentheid is deur sowat 180 gaste bygewoon.

“Ons is baie trots op die standaard wat gestel word met die uitleg van die winkel, die produkreekse wat bemark word, asook die gehalte diens wat gelewer word deur die Suidwes personeel,” sê mnr Hansie Viljoen, Voorsitter van die Suidwes Direksie, wat die winkel amptelik geopen het.

Volgens mnr Patrick Nelissen, Hoof Uitvoerende Beampte van die Suidwes Kleinhandeldivisie, bied die nuwe winkel ‘n wye reeks gehalte produkte vir boere, produsente en die algemene publiek. ‘n Wye reeks insetmiddele, veemedisyne, besproeiingstoerusting, tuinboubenodighede, buitelewe produkte, klerasie en skoeisel, handgereedskap, kragtoerusting en vele meer, word aangehou. Die Hollow Point-jagwinkel binne die Kontreiwinkel bied ook ‘n wye reeks wapens, ammunisie en advies aan jagters.

Die netjiese nuwe Suidwes Kontreiwinkel in Delmas

Gerrie Lindeque (Takbestuurder) en sy personeel is gereeld om klante te bedien by die nuwe Suidwes Kontreiwinkel in Delmas.

Mnr Hansie Viljoen (Voorsitter, Suidwes Direksie) en mnr Gerrie Lindeque (Takbestuurder) knip die lint tydens die amptelike opening van die Suidwes Kontreiwinkel in Delmas.

Gaste geniet die splinternuwe Kontreiwinkel tydens die amptelike opening op 14 Maart 2017.

Die Suidwes Kontreiwinkel in Delmas is ‘n verslengstuk van elke plaas en besigheid en mnr Gerrie Lindeque en sy span is gereed om klante te bedien met uitstekende diens, kompeterende pryse en kwaliteit produkte.

Die Suidwes Finansieringsafdeling, naamlik AgriCapital, se kantoor is ook binne die winkel geleë en word bestuur deur die Verhoudingsbestuurder, mnr Marius van den Berg .

Kontakbesonderhede:

Gerrie Lindeque	Takbestuurder	082 9077 492
Marius vd Berg	Verhoudingsbestuurder	083 6352 869

Navrae:
Deon Badenhorst
Bestuurder: Korporatiewe Bemarking en Kommunikasie
T: 018-581 1192
deonb@suidwes.co.za
www.suidwes.co.za